Lukas 7:36-50 Sondag van Christus die Koning

Sondag van Christus die Koning
Sondag van Christus die Koning is 'n fees in die liturgiese jaar wat die koningskap van Christus beklemtoon. Die fees is 'n relatief onlangse toevoeging tot die liturgiese kalender en word eers sedert 1925 gevier.

Dit is die laaste Sondag in die liturgiese seisoen wat as "Koninkrykstyd" bekend staan en is daarom ook die laaste Sondag in die liturgiese jaar. Volgende Sondag is die eerste Sondag van Advent wat ook die nuwe liturgiese jaar inwy.

Die Salwing van 'n Koning
Die koningskap van Jesus word nie net in woorde aan ons oorgedra nie, maar ons sien dit ook in simboliese handelinge in die Bybel wat dit bevestig. In al vier die Evangelies is daar 'n prominente salwingstoneel.

Salwing (om olie oor 'n persoon uit te giet) was 'n gebruik wat sedert die vroegste van tye in die Ou Testament ten nouste met die aanwys van 'n persoon se koningskap gepaardgegaan het. Dit is interessant dat die salwing van konings in verskeie kulture in die Ou Naby Ooste voorgekom het – ook die volke waarmee die Israeliete te doen gekry het, soos die Kanaäniete, het hulle konings deur 'n salwingsritueel aangewys. Toe Israel dus, na 'n lang gesmeek by God, 'n koning kry, word dit ook deur hierdie einste ritueel bekragtig. Ons lees in 1 Samuel 10 vers 1 hoe vir Saul tot koning salf. Daar staan geskryf: "Samuel het die fles met olie geneem en dit op Saul se kop uitgegiet. Hy het hom gesoen en vir hom gesê: "Is dit nie so dat die Here jou as leier oor sy erfdeel gesalf het nie?" Dit is ook die einste Samuel wat verantwoordelik was vir die salwing van Dawid wat ons 1 Samuel 16 vers 13 sien.

Die Salwing van Jesus
Jare na hierdie salwingsmomente waarvan ons in die Ou Testament lees, vind daar 'n soortgelyke gebeurtenis in die lewe en bediening van Jesus plaas – iets wat deur Sy volgelinge en die Evangelieskrywers van die tyd, maar ook deur gelowiges deur die eeue heen, as die salwing van 'n koning uitgeken sou word. Dit is noemenswaardig dat woord Christus, wat afgelei is van die Griekse woord Χρήστος (Christos) wat deurlopend gebruik word om Jesus in die Bybel te beskryf, "gesalfde" beteken.

Wat egter hiervan opvallend is, is dat dit nie 'n belangrike en gesiene profeet of priester is wat hierdie ritueel voltrek nie, maar een van die minstes; iemand wat op die rand van die samelewing gestaan het.

Dit is ‘n ánderste salwing vir ‘n ánderste Koning en hierdeur het Hy, as die Heerser van alle heersers, die onderstebo koninkryk van God ingewy.

Lukas 7:35-50

In Lukas se vertelling van hierdie oomblik (wat dit, anders as Matteus, Markus en Johannes, aan die begin van Jesus se bediening plaas eerder as later, nader aan Jesus se kruisiging) sien ons hoe ‘n onbekende vrou as ongenooide gas by Simon die Fariseër se huis opdaag terwyl Jesus daar is en hierdie salwingsdaad verrig.

Op hierdie stadium is Jesus besig om saam met sy nuut-geroepe groep dissipels in Galilea van een dorp na die volgende te reis en daar waar hulle kom, doen Jesus wonderwerke, genees Hy siekes en gestremdes, en leer Hy vir sy volgelinge (en die skares wat telkens wanneer dit gebeur rondom Hom versamel) wat dit beteken om vir God te dien.

Hierdie gebeurtenisse en die woorde wat Jesus spreek veroorsaak dat daar baie belangstelling in Hom gewek word – ook in die godsdienstige kringe word daar oor Hom gewonder. ‘n Fariseër met die naam Simon rig dan ‘n uitnodiging aan Jesus om by hom te kom eet. Dit was ‘n gebruik van die dag om mense met nuwe leringe en insigte oor veral godsdienstige sake om ‘n tafel te laat vergader om so meer hieroor te gesels, met hulle in debat te gaan en om dalk oortuig te word van geldigheid van hulle saak.

Jesus aanvaar hierdie uitnodiging en terwyl almal aan tafel is gebeur iets wat die gang van die aand tot stilstand dwing: ‘n ongenooide gas – ‘n sondige vrou – betree die toneel. Sy gaan voort om iets totaal ongehoord te doen: sy kniel by Jesus se voete, sy huil so onbedaarlik dat Sy voete met trane bedrup word, sy droog dit met haar hare af, soen sy voete en salf dit dan met duursame olie.

Die optrede van die vrou het duidelik ‘n effek op Simon en hy dink by homself dat Jesus tog sekerlik nie ‘n profeet kan wees nie: “As hy ‘n profeet was, sou hy tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak...” (Luk. 7:39).

Jesus reageer op Simon se gedagtes deur ‘n gelykenis van ‘n geldskieter te vertel en wat hierdie gelykenis dan vir Simon wys, is dat die genade van God so groot is dat dié wat dit ontvang nie anders kan as om met oordadige dankbaarheid, liefde, verwondering en aanbidding te reageer nie.

Natuurlik het dit (haar optrede) vir Simon (sowel as die ander mense daar) dalk ongehoord oorgekom en hulle selfs ongemaklik gelaat, maar, wys Jesus uit, teenoor Simon, wat in sy selftrots nie net blind is vir wie Jesus regtig is nie, maar selfs nie eens nie basiese gasvryheidspraktyke van die dag nagekom het nie (soos om hom met ‘n soen te groet, sy voete te was en sy hoof met olyfolie in te smeer nie), het hierdie vrou die waarheid besef en Jesus as Redder herken.

Twee reaksies

In hierdie drama wat in die teks vir vandag afspeel, sien ons twee reaksies op Jesus: een van absolute oorgawe van die self, en een van skeptiese veroordeling.

Die oop begin van die gedeelte (ons weet nie waar Jesus vooraf die vrou ontmoet en haar genade bewys het nie) sowel as die oop einde hiervan (ons weet nie hoe Simon op Jesus se woorde reageer het nie) nooi ons uit om ook onsself in die verhaal te plaas en die vrae, “Wie is Jesus vir my?” en “Hoe reageer ons op Jesus” aan onsself te stel.

Kleingroepbyeenkoms

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar die hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Gesels ook oor die volgende vraag: “Wat uit verlede week se nadenke en erediens het jou bygebly?”

Ons ontmoet God

- Steek ’n kers aan en laat iemand die byeenkoms aan die Here opdra.
- Laat iemand Lukas 7: 35-50 hardop lees. Julle is ook welkom dit in verskillende vertalings te lees.
- Laat elkeen deel wat hulle in die gedeelte opval.

Ons deel met mekaar

- Wat is dit wat jou van die vrou se optrede teenoor Jesus die meeste opval? Hoekom?
- Wat is dit wat jou van Simon se reaksie teenoor Jesus opval? Hoekom?
- Ons is dikwels geneig om onsself net met die vrou te vereenselwig. Hoe resoneer Simon se reaksie met jou? Kan jy ook jouself soms in sy optrede teenoor Jesus sien?
- Hoe daag hierdie gedeelte jou uit? Watter uitnodiging rig dit aan jou?

Ons bid saam

- Laat twee-twee persone saam afsluit en vir mekaar se spesifieke behoeftes.